



Universiteit Stellenbosch Aftredefonds

This newsletter is also available in English. Please send email to rwvs@sun.ac.za to request an English copy.

Maart 2009 Volume 14

1. Beleggingsprestasienuus: 2008
2. Die krag van saamgestelde rente
3. Derde-dimensie-polisse
4. Alexander Forbes Online
5. Reëlwysigings
6. Regsnuus
7. Raad van trustees
8. Diensverskaffers
9. Voordeelstate
10. Vorms vir benoeming van begunstigdes
11. Belangrike kontakbesonderhede

'n Goeie aftreereëling is een van die waardevolste voordele wat die Universiteit Stellenbosch sy werknemers bied. Sodoende het u finansiële sekuriteit as u sou aftree, en is u gesin boonop versorg indien u ongeskik verklaar word of te sterwe sou kom. Dit is belangrik vir lede om op hoogte te bly van ontwikkelings in die Universiteit Stellenbosch-aftredefonds (hierna 'die fonds'). Hierdie nuusbriëf is derhalwe ontwerp om inligting oor die finansiële vordering van die fonds sowel as enige veranderinge in die jaar geëindig 31 Desember 2008 aan u oor te dra.

1. Beleggingsprestasienuus: 31 Desember 2008

Ons beleggingsmarkte het nogmaals swaar verliese gely ná wêreldmarkte se afwaartse neiging in die laaste kwartaal; die aandelemark het, te oordeel na die Alle Aandele Indeks (ALSI), 'n verdere 25% van sy markwaarde ingeboet. Internasionale beleggers het van 'riskante' bates, soos opkomendemarkaandele en valuta, ontslae geraak namate vrese vir 'n resessie in Amerika en Europa begin toeneem het. In Brittanje het ekonomiese groei in die derde kwartaal selfs verder gekwyn as wat voorspel is – oteenseglike bewys dat die Verenigde Koninkryk in die greep van sy eerste resessie sedert 1991 is. Die Bank van Engeland het sy sleutelrentekoers met 'n halwe persentasiepunt tot 1,5% verlaag – die laagste vlak sedert dié sentrale bank se stigting in 1694.

In Amerika was daar 'n sprankie hoop toe die bruto binnelandse produk beter as die voorspellings gevaar het, en in die derde kwartaal met slegs 0,3% in plaas van die verwagte 0,5% afgeneem het. Ten einde die impak van 'n wêreldwye resessie te probeer temper, besnoei lande hulle rentekoerse; in Amerika staan dit tans op feitlik zero. Amerika het 'n begrotingstekort van bykans \$1,2 triljoen vir boekjaar 2009 voorspel (sowat \$4 000 vir elke man, vrou en kind). Die werklike syfer sal waarskynlik hoër wees indien die Kongres 'n nuwe aansporingspakket vir besteding en belastingvermindering goedkeur wat straks meer as \$800 miljard kan beloop.

In Suid-Afrika het inflasie begin daal ná 'n historiese hoogtepunt van 13,6% in Augustus. Die inflasievooruitsigte oor opkomende ekonomieë heen toon nou 'n afwaartse neiging. Tot die begin van Februarie 2009 was dit in besonder deur petrolprysverlagings aangehelp en sodoende kry die Reserwebank die geleentheid om rentekoerse te verlaag. Die rand het steeds teenoor groot geldeenhede verswak namate buitelandse beleggers die Suid-Afrikaanse eenheid van die hand gesit het, wat op sy beurt inflasiedruk kan verhoog.

Die vooruitsigte vir 2009 is somber as gevolg van steeds stadiger ekonomiese groei, voorspellings van kleiner maatskappywinste, 'n swak rand, en 'n tuimeling in metaalpryse. Indien 2008 'n jaar van sistemiese risiko was (met 'n kwesbare finansiële mark in sy geheel), sal 2009 'n jaar van bepaalde risiko wees (met individuele maatskappye wat as gevolg van die wêreldwye resessie en kredietknp deur ondergang in die gesig gestaar kan word).

Hoe sleg dit ook al tans lyk, sál ons egter die huidige finansiële krisis te bowe kom. Die beleggingsmarkte is toekomsgerig, en sal waarskynlik nog voor die ekonomie herstel. In hierdie stadium is dit ongelukkig moeilik om te sê presies wanneer dit sal wees. Om vertrou te herstel, moet die regering 'n groter rol speel om die finansiële stelsel te reguleer, en moet die wêreldwye resessie met gekoördineerde wêreldwye optrede beantwoord word.


Hoe het die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds gevaar?

Die fonds het uitstekend presteer, en ten spyte van die onlangse swak markprestasie, het dit lede wat in die verstekgebalanseerde fonds belê het van 'n opbrengs van 18,9% per jaar oor die vyfjaartydperk geëindig 31 Desember 2008 voorsien. Op korter termyn het die fonds wel 'n negatiewe opbrengs van -4,2% oor die jaar geëindig 31 Desember 2008 opgelewer. Dit is egter veel beter as die prestasie van die aandelemark of mediaanbeleggingsbestuurder, soos later uit hierdie nuusbriëf sal blyk.

Die meeste van die fonds se bates is in gebalanseerde beleggingsportefeuljes belê. Allan Gray, Coronation, Foord en Prudential is as batebestuurders aangestel om die plaaslike gedeelte van hierdie beleggingsportefeuljes te bestuur. Allan Gray Orbis bestuur op sy beurt al die fonds se internasionale bates.

Die trustees monitor en hersien voortdurend die beleggingstrategie van die fonds, en die batebestuurders en hulle prestasie word ook aan die hand van die fonds se kort- en langtermyn doelwitte beoordeel.

Onderstaande grafiek toon die netto maandelikse opbrengs op fondskrediete in die 12 maande tot en met 31 Desember 2008:



Op 31 Desember 2008 het die fonds se markverwante bates op 'n totale waarde van **R1 191 062 958** te staan gekom, wat soos volg belê is:

Allan Gray:	R374 837 916
Coronation:	R259 833 777
Foord:	R164 711 197
Prudential:	R173 623 657
Allan Gray Internasionaal:	R218 056 411

Die totale bates in die twee kapitaalbeskermingsportefeuljes¹ het op 31 Desember 2008 soos volg daar uitgesien:

IS FullVest:	R10 280 183
IS Banker:	R37 537 392

Die volgende tabel toon die opbrengs op die fonds se portefeuljes vir die tydperk geëindig 31 Desember 2008, sowel as 'n vergelyking met die prestasie van algemene beleggingsbestuurders in Suid-Afrika:

	<i>3 maande</i>	<i>1 jaar (per jaar)</i>	<i>3 jaar (per jaar)</i>
Plaaslike bates			
Allan Gray	-0,1%	-5,3%	15,1%
Coronation	-4,5%	-9,2%	11,2%
Foord	-5,6%	-11,0%	NVT
Prudential	-2,3%	-9,0%	NVT
<i>Mediaan- plaaslike bestuurder</i>	<i>-4,2%</i>	<i>-11,3%</i>	<i>10,3%</i>
<i>Topkwartiel- plaaslike bestuurder</i>	<i>-3,1%</i>	<i>-8,8%</i>	<i>11,1%</i>
Internasionale bates			
Allan Gray Internasionaal	13,2%	18,1%	15,5%
<i>Internasionale indeksmaatstaf²</i>	<i>-2,0%</i>	<i>1,9%</i>	<i>10,6%</i>
Fonds in sy geheel	-0,1%	-4,2%	12,7%
<i>Mediaanbestuurder (sowel plaaslik as internasionaal)</i>	<i>-4,7%</i>	<i>-12,1%</i>	<i>9,4%</i>
<i>Hooflyninflasie</i>	<i>-1,1%</i>	<i>9,5%</i>	<i>8,1%</i>

Let wel: Alle voormelde opbrengste is ná aftrekking van aftreefondsbelaasting en beleggingsheffings.

¹ Die Investment Solutions (IS) FullVest-portefeulje het voorheen as die beleggingsmedium vir die kapitaalbeskermingsopsie gedien, en is in November 2004 deur die IS Banker-portefeulje vervang.

² Dié maatstaf word op grond van 70% van die MSCI-wêreldindeks en 30% van die Global Bond-maatstaf bereken. (Die Global Bond-maatstaf is die gewegde gemiddelde van 40% van die Citi WGBI en 60% van die Lehman Global-totaal.)

Huidige beleggingskeuses

Die meeste fondsledes het in die fonds se gebalanseerde portefeulje belê. Lede kan egter ook kies om van die Individuele Beleggingsplan gebruik te maak, waardeur hulle met die bystand van 'n finansiële adviseur hulle eie persoonlike beleggingsportefeuljes kan opstel. Lede ouer as 53 het boonop die keuse om hulle fondskrediete gedeeltelik of ten volle in die kontantportefeulje (die kapitaalbeskerdingsopsie) te belê. Sekere koste en voorwaardes geld vir die uitoefening van laasgenoemde twee keuses.

As deel van die lewensfasemodel wat die fonds onlangs implementeer het, word lede in die jaar waarin hulle die ouderdom van 63 bereik outomaties en stelselmatig na die kontantportefeulje verskuif indien hulle nie gekies het om in die fonds se gebalanseerde portefeulje of een van die ander beleggingsmodelle tot hulle beskikking aan te bly nie.

2. Die krag van saamgestelde rente

Dit is so dat hoe vroeër 'n mens vir aftrede begin spaar, hoe groter die uiteindelijke aftreevoordeel. Dit is omdat hoe jonger die spaarder, hoe groter die voordeel wat hy/sy uit die krag van saamgestelde rente trek. Eenvoudig gestel, beteken dit dat watter rente (groei) 'n mens ook al op jou spaargeld verdien, herbelê word. Jy kry dus rente op jou rente, en só loop dit jaar na jaar op. 'n Bedrag van R100 met 'n opbrengs van 10% per jaar gee jou byvoorbeeld aan die einde van die eerste jaar R110 (R100 + rente van R10). Die volgende jaar verdien jy wéér 10%, maar hierdie keer op R110, wat beteken dat die waarde van jou belegging tot R121 (R110 + rente van R11) sal verhoog. Hierdie proses herhaal hom elke jaar.

Onderstaande tabel verduidelik die krag van saamgestelde rente verder. Die berekening is gegrond op drie mense wat elk 10% rente per jaar verdien, en op 60 aftree:

	<i>Persoon A</i>	<i>Persoon B</i>	<i>Persoon C</i>
Jaarlikse belegging	R10 000	R10 000	R10 000
Beleggingstydperk	Ouderdom 21 tot 30 (behou belegging tot op ouderdom van 60)	Ouderdom 30 tot 60	Ouderdom 21 tot 60
Totale bedrag belê	R100 000	R300 000	R400 000
Enkelbedrag met aftrede	R3 059 084	R1 809 434	R4 868 518

Op 60 is persoon B steeds swakker daaraan toe as persoon A, ten spyte daarvan dat persoon B vir 'n langer tydperk as persoon A belê het (30 teenoor 10 jaar). Hoe verklaar 'n mens dit? Teen die tyd dat persoon B sy rente begin spaar, verdien persoon A reeds meer as R10 000 rente per jaar. Daarom is daar so 'n groot verskil in hulle enkelbedrae met aftrede.

Hoe vroeër 'n mens dus vir aftrede begin spaar, hoe beter sal jy daaraan toe wees. Onthou, die eerste rande wat jy belê, is die belangrikste.

Met erkenning aan "Retire Right" deur Bruce Cameron

3. Derde Dimensie Polisse

Derde dimensie polisse is in die verlede aan lede gebied om sekere belastingvoordele wat met die oordragte uit die PGI Fonds ontstaan het, te benut. Daar is 'n aantal lede met sulke polisse by Sanlam, Ou Mutual en Investment Solutions en hierdie lede kan hul poliswaardes bekom deur gebruik te maak van die volgende webblaaie op die internet:

Lede met 3D polisse by **Sanlam**:

Gaan na www.sanlam.co.za en klik op "Investment Funds" onder "Daily Prices". Klik dan op "Stratus". 'n Bladsy sal oopmaak met die eenheidspryse van verskeie polisse. Neem die eenheidsprys vir u spesifieke polis wat gegee word onder die kolom genaamd "Retirement Fund" en vermenigvuldig dit met die aantal eenhede wat verskyn op die staat wat oorspronklik aan u uitgereik is.

Lede met 3D polisse by **Ou Mutual**:

Gaan na www.fairbairncapital.com en klik op "Products & Funds", "Fund options", "Price summary" en "Ifrontiers Local". 'n Bladsy sal oopmaak met die eenheidspryse van verskeie polisse. Neem die eenheidsprys vir u spesifieke polis wat gegee word onder die kolom genaamd "Retirement Fund" en vermenigvuldig dit met die aantal eenhede wat verskyn op die staat wat oorspronklik aan u uitgereik is.

Hoewel alles moontlik gedoen is om die korrektheid van alle gegewens in hierdie nuusbrieff te verseker, dien dit slegs ter inligting van lede. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van die nuusbrieff aanspreeklik gehou word. Alle lederegte word in die amptelike fondstreëls uiteengesit.

Lede met 3D polisse by **Investment Solutions**:

Gaan na www.investmentsolutions.co.za. Kliek op "LOGIN" heel links bo-aan die bladsy, en dan op "Individual Investor Login". Tik dan u "Pin" en "Password" in en kliek op "Submit". Dit sal u lei na 'n bladsy waarop u persoonlike poliswaarde uiteengesit word. Indien u egter nog nie voorheen u poliswaarde op hierdie webwerf nageslaan het nie, sal u Investment Solutions se Kliëntedienssentrum moet bel by 0860 001 750 of vir hulle 'n e-pos moet stuur by info@ishltd.co.za om u persoonlike pinnommer en wagwoord te kry.

4. Alexander Forbes Online

Alexander Forbes Online is ontwikkel om lede in staat te stel om toegang te verkry tot inligting en waardes van hul fondskrediete, beleggings, versekering en verwante dienste en produkte via die internet. Die webwerf bied aan lede maklike navigasie, funksionaliteit en toegang tot relevante inligting en opvoedingkundige materiaal. Lede moet registreer om toegang tot die webwerf te verkry. Meld eenvoudig aan by www.afonline.co.za en kies "register" vir toegang. U sal maklike stap-vir-stap inligting vind wat u deur die proses lei. Die doel van AF Online is om te voldoen aan die behoefte van lede om geredelike toegang tot hul maandelikse opgedateerde fondswaardes te hê en u word graag genooi om van hierdie gratis diens gebruik te maak.

5. Reëlwyisings

Onderstaande twee reëlwyisings is in die afgelope fondsjaar aangebring:

<i>Nommer</i>	<i>Doel</i>	<i>Datum van inwerking-treding</i>	<i>Goedgekeur: Raad op Finansiële Dienste (RFD)</i>	<i>Goedgekeur: Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID)</i>
2	– Om vir die verdeling van skikkingsbetalings wat aan die fonds betaal is, voorsiening te maak	1 Mei 2008	22 Okt 2008	13 Nov 2008
3	– Om vir bykomende vrywillige werkgewerbydraes tot die fonds voorsiening te maak	1 Jul 2008	30 Sep 2008	22 Jan 2009

6. Regsnuus

Nou vir 'n vinnige kykie na sommige van die onlangse wysings aan die Belastingwet wat sekere belangrike implikasies inhou, veral met betrekking tot **onttrekking** van u fonds, en die bewaring van u voordele.

Bewaringsfondse

Hier onder volg 'n opsomming van 'n paar van die wysings wat bewaringsfondse raak:

1. Indien u **afree of uit diens gestel word**, sal u u geld met onttrekking van u werkgewerfonds na enige bewaringsfonds van u keuse kan oorplaas, mits u dit slegs van 'n pensioenfonds na 'n pensioenbewaringsfonds, of van 'n voorsorgfonds na 'n voorsorgbewaringsfonds oorplaas. U sal nie soos voorheen tot 'n bewaringsfonds waaraan u werkgewer deelneem beperk word nie.
2. Geld sal op belastingneutrale grondslag **vryelik oordraagbaar** word tussen dieselfde soort bewaringsfondse, byvoorbeeld van een voorsorgbewaringsfonds na 'n ander.
3. **Geskeide persone** sal die pensioenvoordeel in 'n pensioen- of voorsorgfonds wat by wyse van 'n geldige hofbevel aan hulle toegeken is, na 'n bewaringsfonds van hulle keuse kan oorplaas.

Hierdie wysings sal groter buigsamheid skep vir lede wat hulle aftreevoorsiening in 'n belasting- en kostedoeltreffende belegging wil hou om met aftrede langtermyn- finansiële sekuriteit te geniet.

Daar is egter bepaalde praktiese implikasies wat eers aandag moet kry. So byvoorbeeld sal alle bewaringsfondse om registrasie as sodanig moet aansoek doen voordat hierdie veranderinge in werking kan tree, en sal fondsreëls dalk ook gewysig moet word.

Sodra alle bewaringsfondse SAID-goedkeuring vir hulle nuwe reëls bekom het, sal die verskillende fondsvoordele gekonsolideer kan word. Al u pensioenbewaringsvoordele sal egter in slegs een pensioenbewaringsfonds, en al u voorsorgbewaringsvoordele in een voorsorgbewaringsfonds gekonsolideer kan word.

Hoewel alles moontlik gedoen is om die korrektheid van alle gegewens in hierdie nuusbrieff te verseker, dien dit slegs ter inligting van lede. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van die nuusbrieff aanspreeklik gehou word. Alle lederegte word in die amptelike fondsreëls uiteengesit.

Onderstaande tabel bied 'n kort opsomming van onlangse belastingwysigings sodat u op hoogte kan bly van veranderinge in die aftreefondsebedryf:

Belasting op onttrekkingsvoordele	<ul style="list-style-type: none"> - Nuwe belastingwette van toepassing sedert 1 Maart 2009: Belastingvrye bedrag verhoog van R1 800 tot R22 500 op totale onttrekkingsvoordele. - Sedert 1 Maart 2009 geld die volgende belastingtabel vir enige onttrekkingsvoordeel in kontant: <table border="1" data-bbox="512 322 1027 506" style="margin-left: 20px;"> <thead> <tr> <th>Waarde van enkelbedrag</th> <th>Belastingkoers</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>R0–R22 500</td> <td>Belastingvry</td> </tr> <tr> <td>R22 501–R600 000</td> <td>18% belasting</td> </tr> <tr> <td>R600 001–R900 000</td> <td>27% belasting</td> </tr> <tr> <td>Waarde bo R900 000</td> <td>36% belasting</td> </tr> </tbody> </table> - Die bedrag van R22 500 is die maksimum belastingvrye bedrag wat 'n lid oor sy/haar leeftyd met aftrede kan ontvang, ongeag die aantal eise. Dié bedrag is kumulatief, en indien dit met aftrede uitgeput is, sal dit in daardie stadium die belastingvrye bedrag van R300 000 (sien tabel hier onder) dienooreenkomstig verminder. Dit geld nie vir belastingvrye bedrae wat op onttrekkings voor 1 Maart 2009 ontvang is nie. 	Waarde van enkelbedrag	Belastingkoers	R0–R22 500	Belastingvry	R22 501–R600 000	18% belasting	R600 001–R900 000	27% belasting	Waarde bo R900 000	36% belasting
Waarde van enkelbedrag	Belastingkoers										
R0–R22 500	Belastingvry										
R22 501–R600 000	18% belasting										
R600 001–R900 000	27% belasting										
Waarde bo R900 000	36% belasting										
Sterftevoordele	<ul style="list-style-type: none"> - Begunstigdes van 'n sterftevoordeel wat deur 'n fonds uitbetaal word, kan ongeag die fondsreëls kies om dit as 'n annuïteit te ontvang. - Sedert 1 Oktober 2007 geld die volgende belastingtabel vir aftreevoordele: <table border="1" data-bbox="512 792 1254 947" style="margin-left: 20px;"> <thead> <tr> <th>Waarde van enkelbedrag</th> <th>Belastingkoers</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>R0–R300 000</td> <td>Belastingvry</td> </tr> <tr> <td>R300 001–R600 000</td> <td>18% belasting</td> </tr> <tr> <td>R600 001–R900 000</td> <td>27% belasting</td> </tr> <tr> <td>Waarde bo R900 000</td> <td>36% belasting</td> </tr> </tbody> </table> - Neem asseblief kennis dat nuwe wetgewing tans opgestel word om onttrekkings voor aftrede by die belastingtabelle met betrekking tot aftrede te integreer. 	Waarde van enkelbedrag	Belastingkoers	R0–R300 000	Belastingvry	R300 001–R600 000	18% belasting	R600 001–R900 000	27% belasting	Waarde bo R900 000	36% belasting
Waarde van enkelbedrag	Belastingkoers										
R0–R300 000	Belastingvry										
R300 001–R600 000	18% belasting										
R600 001–R900 000	27% belasting										
Waarde bo R900 000	36% belasting										
Egskeidingsbevele	<ul style="list-style-type: none"> - Vir enige egskedingsbevele wat op of ná 13 September 2007, en tot en met 28 Februarie 2009 uitgereik is, sal die lideggenoot teen sy/haar gemiddelde koers vir belasting aanspreeklik wees. - Vir enige egskedingsbevele wat op of ná 1 Maart 2009 uitgereik word, sal die nie-lideggenoot ingevolge die nuwe tabel vir belasting aanspreeklik wees. 										

Egskeiding

Die Wysigingswet op Pensioenfondse het op 13 September 2007 in werking getree en het die 'blitsbreukbeginsel' (*clean break principle*) van egskediding bekend gestel. Dié wysiging maak dit vir 'n nie-lideggenoot moontlik om (mèt 'n geldige egskedingsbevel) op 'n gedeelte van die lid se pensioenrente aanspraak te maak voordat so 'n lid die fonds verlaat.

Voorheen is 'n voordeel wat ingevolge 'n egskedingsbevel aan 'n nie-lideggenoot toeval, slegs uitbetaal wanneer die lid uiteindelik die fonds verlaat. Met die nuwe wysiging móét die voordeel aan die nie-lideggenoot uitbetaal word sodra die fonds 'n geldige egskedingsbevel ontvang. Betaling is voorts verskuldig binne 60 dae nadat die nie-lideggenoot aandui dat hy/sy die voordeel wil ontvang.

Die SAID het ook onlangs 'n bylaag uitgereik wat bepaal dat enige aftrekkings van u fondskrediet vir die skikking van 'n egskedings- of onderhoudsbevel voortaan nie meer deel van u toegelate eenmalige onttrekking uit 'n bewaringsfonds sal uitmaak nie.

'n Egskeidingsbevel moet:

- die korrekte fondsnaam vermeld;
- bepaal dat 'n gedeelte van die lid se pensioenrente in die fonds aan die lid se voormalige eggenoot uitbetaal word;
- beveel dat die fonds se dokumente dienooreenkomstig aangepas word; en
- die fonds beveel om die pensioenrente regstreeks aan die nie-lideggenoot te betaal.

Wat egskedingsbetalings betref, was die lid voorheen vir belasting aanspreeklik. In die begroting van 2008 is daar egter voorgestel dat die nie-lideggenoot, en nie die lid nie, voortaan op egskedingsbetalings deur aftreefondse belas sal word. Wetgewing is gevolglik uitgevaardig, en vir egskedingsbevele wat ná 1 Maart 2009 uitgereik word, sal die nie-lideggenoot, en nie die lid nie, dus nou vir enige belasting aanspreeklik wees.

7. Raad van Trusteers

Die volgende individue dien tans op die Raad van Trusteers:

<i>Werkgewertrusteers</i>	<i>Werknemertrusteers</i>
Mnr PG Steyn (<i>Voorsitter</i>)	Mnr WJ Adonis
Prof JU de Villiers	Mnr PW Kloppers
Prof JD Krige	Mnr L Burrows
Prof JF Smith	Mnr BJ Mellor
Prof L van Huyssteen	Mnr MC de Jongh

8. Diensverskaffers

The Trusteers van die fonds het die onderstaande diensverskaffers aangestel om hulle te help met die bestuur van die fonds:

Aktuarisse & Konsultante:	Alexander Forbes Finansiële Dienste
Administrateurs	Alexander Forbes Finansiële Dienste
Ouditeure:	PriceWaterhouseCoopers
Bankers:	Standard Bank van Suid-Afrika
Batebestuurders:	Allan Gray, Coronation, Foord, Prudential & Investment Solutions

9. Voordeelstate soos op 31 Desember 2008

U persoonlike voordeelstaat met u fondswaarde en ander voordele soos op 31 Desember 2008 word by hierdie nuusbrief ingesluit. Maak asseblief seker dat u persoonlike besonderhede op die staat korrek is, en skakel met u Departement Menslike Hulpbronne (MH) indien enigiets reggestel moet word.

10. Vorms vir benoeming van begunstigdes

Die nuusbrief word voorts van 'n vorm vir die benoeming van begunstigdes vergesel. Dit is noodsaaklik dat die fonds opgedateerde besonderhede van lede se afhanklikes en benoemde begunstigdes op rekord het. Ingeval 'n lid te sterwe sou kom, het die trusteees ingevolge artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse 'n plig om alle afhanklikes van die lid te eien en op te spoor. Sodra die afhanklikes opgespoor is en die trusteees hulle finansiële omstandighede ondersoek het, kan 'n besluit met betrekking tot die verdeling van die sterftevoordele geneem word.

'n Korrekte en opgedateerde vorm vir die benoeming van begunstigdes is 'n belangrike hulpmiddel wat die trusteees in staat stel om sonder onnodige vertraging 'n billike en regverdige verdeling te maak. Die trusteees doen dus 'n beroep op u om u benoemingsvorm by te werk en by die Departement MH in te dien.

Let asseblief op die volgende:

- 'n Lid se vorm vir die benoeming van begunstigdes is nie regsbindend vir die trusteees nie, maar sal wél deur hulle oorweeg word.
- 'n Afhanklike of benoemde begunstigde mag nie die vorm as 'n getuie onderteken nie.

11. Belangrike kontakbesonderhede

<i>Menslike Hulpbronne Afdeling</i>	<i>Fondskonsultant</i>	<i>Pensioenfondsberegtiger (PFA)</i>
Japie Kotzé Tel: 021 808 2754 Faks: 021 808 4983 E-pos: jjsk@sun.ac.za	Theo van Wyk Tel: 021 809 3723 Faks: 021 809 2898 E-pos: vanwykt@forbes.co.za	2 ^e vloer, Sandown House Sandton, Slot 2 Sandton 2196 E-pos: enquiries-jhb@pfa.org.za
EN Robert van Staden Tel: 021 808 4822 Faks: 021 808 2484 E-pos: rwvs@sun.ac.za		Lede kan die PFA nader indien die fonds nie hulle klagtes na wense hanteer nie. Raadpleeg die PFA se webtuiste vir besonderhede van die prosedures en die omstandighede waaronder 'n klagte ingedien kan word.

Alle eise of fondsnavae moet via die Menslike Hulpbronne afdeling hanteer word.